

13

SAKRAMENTE

Doop en Nagmaal

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat die Doop en die Nagmaal die tekens is van ons verlossing deur Jesus Christus.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet:

- 'n Sakrament is 'n teken wat deur God ingestel is om ons geloof te versterk.
- Die Doop en die Nagmaal is die enigste twee sakramente wat Christus ingestel het.
- Albei sakramente vertel ons van Jesus Christus se dood en opstanding.
- Wanneer ons die sakramente sien, help dit ons om God al meer te vertrou.

Gesindheid

- Die kinders moet bereid wees om God al meer te vertrou wanneer hulle die sakramente sien.

Vaardigheid

- Hulle moet kan vertel wat gebeur by die Doop en die Nagmaal.

MEER INLIGTING (Matteus 26: 26-29; 28: 16-20)

Vier keer per jaar hou ons Nagmaal. Party gemeentes bedien ook die Nagmaal op Goeie Vrydag. Wanneer daar in 'n gemeente babatjies gebore word, doop ons hulle. Soms doop ons ook grootmense. Ons noem die Nagmaal en die Doop *sakramente*.

Maar wat is 'n sakrament?

'n Sakrament is eintlik maar 'n preek – maar nie 'n gewone preek nie. Elke Sondag staan die dominee op die preekstoel en preek vir die gemeente. Hy praat met hulle oor Jesus wat ons verlos het en hoe Hy dit gedoen het. Die gemeente luister na die dominee se preek. Hulle gebruik net hulle ore om na die dominee te luister.

Wanneer 'n sakrament bedien word, gebruik die gemeentelede nie net hulle ore nie. Hulle gebruik ook hulle ander sintuie, soos om te sien, te voel en te proe.

By die Doop sien 'n mens die water wat op 'n babatjie se kop drup. Die persoon wat gedoop word, voel die water op sy kop. By die Nagmaal sien die gemeente die wyn en brood. Hulle vat daaraan en proe dit. So word al 'n mens se sintuie betrek by die Doop en die Nagmaal sodat ons nog beter verstaan dat Jesus ons van ons sonde verlos het.

Hoekom het Jesus dit so ingestel? Hy het geweet dat 'n mens iets beter onthou as jy dit nie net hoor nie, maar ook kan sien. God het die sakramente ingestel sodat ons goed kan onthou wat die kernboodskap van die Bybel is. Deur die sakramente hoor en voel en sien ons wat Jesus vir ons gedoen het toe Hy gely, gesterf en opgestaan het.

Ons kan ook sê 'n sakrament is amper soos 'n monument. 'n Monument vertel ons van iets wat iemand gedoen het of van iets wat gebeur het. As jy die Voortrekkermonument in Pretoria besoek, sien jy wat die Voortrekkers alles gedoen het en wat met hulle gebeur het. As jy die water by die Doop en die brood en wyn by die Nagmaal sien, voel en proe, beleef jy wat Jesus vir jou gedoen het. Jy word herinner aan die grootste gebeurtenis van alle tye. Maar by 'n sakrament gebeur daar nog iets meer as by 'n monument. By 'n monument word jy herinner aan iets wat gebeur het en jy kan sê: *O, dit is baie interessant!* By die sakramente word jy deel van wat gebeur het. Jy word betrek by Jesus se dood en opstanding. Jy word verseker dat Hy vir jou gesterf en opgestaan het en dat jy nou verlos is van jou sonde en leef tot in ewigheid. Jou hele lewe word verander.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 293 (gewysig) as gebed. Almal bid die woorde hardop saam.

*Jesus, neem ons kleine kinders
met 'n hart vol liefde aan;
niemand mag dit ooit verhinder
dat ons vry na U toe gaan.
Loof die Here, loof Hom almal!
Halleluja! Amen!*

HET HULLE ONTHOU?

- Laat een van die kinders vertel wat geskrywe staan in Johannes 13: 35 in verband met naasteliefde. *Jesus sê vir sy dissipels dat almal sal glo dat hulle sy dissipels is as hulle met liefde teenoor mekaar optree.*
- Naasteliefde is: (Skryf slegs *Ja* of *Nee* op die lyntjie langs elke stelling.)
 - Tyd maak om na iemand te luister. *Ja.*
 - Begrip hê vir ander. *Ja.*
 - Gewillig wees om iemand in nood te help. *Ja.*
 - Net dié liefhê wat my goed behandel. *Nee.*

- Vergewe maar nie vergeet nie. *Ja.* ('n Mens moet vergewe, maar jy kan nie vergeet nie, want dan moet jy 'n “deel van jou brein” uitsny.)
- 'n Glimlag van my kant af. *Ja.*
- Vriendelik optree teenoor iemand anders, maar in my hart haat ek hom of haar. *Nee.*
- Kontroleer of die kinders die antwoorde van die volgende vrae kan onthou. Die antwoorde is by LEER in die vorige hoofstuk.
 - Wie was almal by die graf die Sondagmôre toe Jesus opgestaan het? (Markus 16: 1) *Maria Magdalena, Maria – die ma van Jakobus – en Salome.*
 - Jesus het die 12 dissipels wat Hy uitgekies het ook *die 12 apostels* genoem. (Lukas 6: 13)
 - *Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word.* (Lukas 6: 27)
 - Wat verstaan jy onder ware liefde? *Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.*
 - Watter twee magte het Jesus aan sy 12 dissipels gegee? (Matteus 10: 1) *Om onrein geeste uit te dryf, en om siekes gesond te maak.*
 - Wat beteken die woordjie *kerk*? (Les 6 – LEER) *Om deur die Here geroep te wees, om aan die Here te behoort en dus aan Hom gehoorsaam te wees.*
 - Wat beteken die Doop vir ons? (Les 1 – LEER) *Die Doop is 'n teken wat jy ontvang wat beteken jy is die Here s'n.*
 - Wat is die ander naam wat Jesus gesê het Petrus genoem sal word? (Johannes 1: 42) *Sefas.*
 - Op watter dag is die Heilige Gees uitgestort? (Handelinge 2: 1-4) *Pinksterdag.*
 - Noem 'n paar voorbeelde van die vrug van die Gees. (Galasiërs 5: 22) *Liefde, blydskap, vrede, vriendelikheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.*
 - Waarmee vergelyk die Bybel die kerk? (Les 6 – LEER) *Verduidelik. Die Bybel vergelyk die kerk met 'n liggaam om te verduidelik dat ons soos liggaamsdele aan mekaar verbind is en vir mekaar moet omgee.*
 - Noem drie verskynsels wat met die uitstorting van die Heilige Gees gepaardgegaan het. (Handelinge 2: 2-4) *'n Geluid soos dié van 'n geweldige rukwind, tonge soos van vuur en spreek in tale.*
 - Hoe praat die Here met ons tydens die erediens? (Les 9 – LEER) *Die Here praat met ons in die erediens deur die dominee wat Bybel lees en preek.*
 - Hoe praat ons met die Here tydens die erediens? (Les 9 – LEER) *Ons praat met die Here as ons bid, sing en belydenis doen.*
 - Hoeveel mense het op pinksterdag tot bekering gekom? (Handelinge 2: 41) *Omtrent 3 000 mense het op pinksterdag tot bekering gekom.*
 - Wie het die skare onder leiding van die Heilige Gees toegespreek? (Handelinge 2: 14) *Petrus.*
 - Wat beteken dit vir jou en vir my dat Jesus opgestaan het uit die dood? (Les 4 – IETS BELANGRIK) *Jesus se opstanding beteken dat Hy die dood oorwin het en dat ons ook eendag sal opstaan uit die dood en vir ewig by Jesus sal woon.*
 - Hoekom moet ons kerk toe gaan? (Les 9 – IETS BELANGRIK) *Deur kerk toe te gaan, word ons geloof versterk.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Neem die kinders in die kerk in om na die Doopvont te kyk en vertel hulle wat daar gebeur. Vra die administratiewe beampte of die kinders hulle name in die Doopregister kan opsoek. Reël met die dominee en 'n diaken om vir die kinders te vertel van die Nagmaal en hoe dit voorberei word. Gee die kinders geleentheid om vrae te vra.

IETS INTERESSANT

Hou die gegewens by MEER INLIGTING aan die kinders voor.

IETS BELANGRIK

Laat die kinders aan mekaar vertel wat hulle van die Doop en die Nagmaal geleer het. Gee geleentheid vir vrae. Die kategeet moet die gesprek lei sodat dit betekenisvol is.

Ons noem die Doop en die Nagmaal *sakramente*.

- 'n Sakrament is eintlik maar 'n preek waarby ons nie net ons ore gebruik nie, maar ook ons ander sinne, soos om te sien, te voel en te proe.
- Deur die sakramente hoor en voel en sien ons wat Jesus vir ons gedoen het deur sy lyding, sterwe en opstanding.

IETS OM TE DOEN

Vul die Doopseël met jou en jou ouers se inligting in.

BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende tuis doen en leer.

DOEN

Die kinders doen navorsing oor een van die volgende onderwerpe en kom vertel ons daarvan.

- Bring jou Doopboekie volgende Sondag saam sodat die kategeet hierdie jaar se inligting daarin kan invul. Uit watter gedeelte in die Bybel het die dominee gepreek toe jy gedoop is? Kyk of jy foto's kan kry en saambring klas toe.

Doopseël
Die Hervormde Gemeente

verklaar hiermee dat

.....

.....

.....

Gedoop is op:

Geboortedatum:

Ouers:

.....

EK BEHOORT AAN GOD

Handtekening van predikant/skriba _____ Datum: _____

- Vind uit waar en wanneer jy gedoop is, en wie almal daar was.
- Soek meer inligting oor die Nagmaal. Soek by www.nhka.org die Nagmaalformulier. Druk dit uit en bring dit saam klas toe.
- Kyk of jy inligting kan kry oor die *Laaste Avondmaal* (laaste ete van die Here Jesus saam met sy dissipels) van Rembrandt van Rijn of 'n ander beroemde skilder.
- Kry toestemming by die ouderlingevergadering en vra die diakonie en die koster of die kinders met die volgende Nagmaalviering kan help met die voorbereiding en opruiming van die Nagmaaltafel, of by die Doopgeleentheid.

LEER

Laat hulle die volgende woorde gaan soek en omkring. Dan moet hulle die ontbrekende woorde onder invul en dit leer.

**Sakramente; Doop; Nagmaal; lyding, kruisiging, sterwe; vier; ken; liefhê;
sintuie; voel; proe; ruik; sien; bevestig.**

S	A	K	R	A	M	E	N	T	E
T	Z	R	X	S	P	M	A	L	K
E	S	U	B	I	R	D	G	H	K
R	I	I	E	E	U	O	M	P	E
W	N	S	V	N	I	O	A	R	N
E	T	I	E	W	K	P	A	O	S
A	U	G	S	V	O	E	L	E	D
G	I	I	T	L	Y	D	I	N	G
Q	E	N	I	L	I	E	F	H	E
B	A	G	G	S	J	V	I	E	R

- Die *sakramente* van die *Doop* en die *Nagmaal* leer ons dat Jesus ons Verlosser is.
- Die sakramente leer ons ook wat Jesus met sy *lyding*, *kruisiging* en *sterwe* vir ons gedoen het.
- Die Kerk gebruik *vier* maal per jaar Nagmaal, en baie gemeentes ook op Goeie Vrydag.
- Met die doop van babas *bevestig* ouers dat hulle hulle kinders sal grootmaak sodat hulle God sal *ken* en *liefhê*.
- Ons word deel van die sakramente omdat ons al ons *sintuie* gebruik wanneer ons deel het daaraan.

- Jesus wil hê dat ons meer moet verstaan daarvan en daarom *voel, proe, ruik* en *sien* ons die sakramente.
- Die sakramente laat ons *onthou* wat die kernboodskap van die Bybel is.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 293 (gewysig) as gebed.

*Jesus, gee aan ons u seën,
lei ons op die regte pad.
En ons weet dat U ons liefhet:
U het self ons hand gevat.
Loof die Here, almal, altyd!
Halleluja! Amen!*